# Jesus die wynmaker

## Johannes 2

**Vooraf - agtergrond**

Met die bruilof in Kana verrig Jesus sy **eerste wonderteken** (2:11) in die Johannes evangelie. In Nuwe-Testamentiese tye kon ’n bruilof tot ’n **week duur** en was die hele gemeenskap betrek by die feesviering. Jesus, asook sy dissipels en broers se teenwoordigheid as **gaste**, die prominente rol wat Maria speel (sy word eerste genoem en neem inisiatief toe die wyn opraak) en die feit dat Kana naby Nasaret was, maak dit moontlik dat die bruidegom (of die bruid) **familie van Jesus** was.

**Die rede** vir die wonder is ’n gebrek aan wyn. Daar was naamlik nie genoeg wyn vir sewe dae nie. Dit was die verantwoordelikheid van die bruidegom en sy familie om die wyn vir die fees te voorsien. Vir hulle was dit ’n **saak van eer** dat die goeie wyn volop moes wees. ’n Tekort aan wyn het nie net vir hulle ’n groot verleentheid geskep nie, maar het ook oneer op hulle as familie gebring. Trouens, volgens die Joodse reg kon die gaste in so ’n geval selfs ’n **eis vir skadevergoeding** teen hulle instel.

Die **water in die klipkanne** het dit vir die Jode moontlik gemaak om hulle *reinheidsvoorskrifte* na te kom (klip kon volgens die Jode nie onrein word nie). Volgens die voorgeskrewe Joodse gebruike is water oor elke gas se hande uitgegooi voor 'n ete en is die eetgerei ook daarmee gewas. Deur die Joodse reinheids-kanne in wynkanne te verander suggereer Jesus hier dat die **Joodse reinigingsgebruike met sy koms tot die verlede behoort aangesien Hy ons gereinig het** (vgl. 13:10-11).

In Judaïsme was **wyn ’n simbool van vreugde en feesviering**. Daar was ook ’n sterk verwagting dat in **die Messiaanse tyd** die **wyn** vrylik sou vloei:

Jer. 31:12 - *Hulle sal kom en op die Sionshoogte sing, hulle sal straal van blydskap oor die goeie wat deur die Here gegee word: oor koring,* ***wyn*** *en olie, oor die aanteel van kleinvee en grootvee. Hulle sal floreer soos ’n tuin wat goed natgelei word, hulle sal nie meer na water smag nie.*

Hos. 14:8 - *Dié wat voorheen by die Libanon gewoon het, sal terugkom. Hulle sal weer koring verbou. Hulle sal welig groei soos ’n wingerdstok. Die roem van Israel sal wees soos* ***die wyn*** *van die Libanon.*

Amos 9:13 - *Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat daar direk na die oes geploeg sal word en dat daar direk na die saaityd gepars sal word. Die berge sal van druiwesap drup, al die heuwels sal deurnat wees.* [14]*Ek sal die lot van my volk Israel verander: hulle sal die verlate stede herbou en bewoon, hulle sal wingerde plant en* <u>*die wyn*</u> *daarvan drink, hulle sal tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.*

Jesus se maak van *oorvloedige*, *gehalte* <u>***wyn***</u>, sonder om iets *in ruil* van die gasheer te verwag, het dus 'n duidelike **Messiaanse betekenis**.

Daardie dag by die bruilof sien die dissipels vir die eerste keer wie Jesus werklik is. Sy **heerlikheid** het daardeur **sigbaar** geword, sodat hulle *oortuig* kon word dat Hy die Seun van God is, en verder dat hulle tot *volle geloof* in Hom sou kom – vergl 20:30,31.

<u>SKRIFLESING: Joh 2:1-11</u>

Jesus, sy dissipels en Maria, sy ma, is by 'n bruilof in Kana. Daar is 'n bruilof-krisis. Hulle wyn raak op! Of dit swak beplanning was of 'n beperkte begroting, weet ons nie. Maria vra vir Jesus om te help! Hy laat die 6 klipkanne vol water maak en dit verander in die beste wyn - Sy eerste wonderwerk!

**1. Jesus se <u>eerste wonderwerk</u> vind nie plaas by 'n begrafnis of by 'n siekbed nie, maar by 'n <u>bruilof</u>!**

'n Bruilof is gewoonlik 'n *vrolike, vreugdevolle* geleentheid. Dit wil vir ons sê - daar **waar Jesus is, is daar blydskap!** Volgelinge van Jesus geniet die lewe - ons kan, want ons het blydskap! Hierdie blydskap het baie maal **te doen met** 'n *"sense of wonder"*.

Miskien help die volgende lied ons om dit te snap:

<u>I hope you never lose your sense of wonder</u>,<br>
You get your fill to eat but always keep that hunger,<br>
May you never take one single breath *for granted*,<br>
GOD forbid love ever leave you empty handed,<br>
I hope you *still feel small* when you stand beside the ocean,<br>
Whenever one door closes I hope one more opens,<br>
Promise me that you'll give faith a fighting chance,<br>
And when you get the choice *to sit it out or dance*,

<u>I hope you dance... I hope you dance</u>.

I hope you never fear those mountains in the distance,
*Never settle for the path of least resistance*
Livin' might mean takin' chances but they're worth takin',
Lovin' might be a mistake but it's worth makin',
Don't let some hell bent heart leave you bitter,
When you come close to sellin' out reconsider,
Give the heavens above more than just a passing glance,
And when you get the choice to sit it out or dance -

I hope you dance... I hope you dance.
I hope you dance....I hope you dance.

(I Hope You Dance geskryf deur Mark D. Sanders/Tia Sillers)

Hier is ’n Afrikaanse verwerking daarvan:

*Mag jy nooit jou sin van verwondering verloor nie.*
Mag jy altyd genoeg hê om te eet, maar altyd daardie honger behou.
*Mag jy nooit een teug asem as vanselfsprekend aanvaar nie.*
Mag God gee dat die liefde jou nooit met leë hande agterlaat nie.
*Mag jy steeds klein voel wanneer jy langs die groot oseaan staan.*
Mag daar een deur oopgaan wanneer ’n ander toeslaan.
Mag jy geloof ’n stewige kans gee.
*En wanneer jy die keuse het om uit te sit of te dans ...*

Ek hoop jy dans ... ek hoop jy dans.

Mag jy nooit die berge op die horison vrees nie.
*Mag jy nooit die weg van die minste weerstand volg nie*.
Mag jy weet om te leef beteken soms om te waag,
maar dat dit die moeite werd is.
Mag jy weet om lief te hê mag ’n fout wees,
maar dat dit die moeite werd is.
Mag God gee dat ’n hardvogtige hart jou nie bitter laat word nie.
Mag God gee dat wanneer jy wil moed opgee, jy weer sal dink.
*Mag jy die hemel bo jou meer as net ’n vinnige kyk gee.*
En wanneer jy die keuse het om of uit te sit of om te dans ...

Ek hoop jy dans ... ek hoop jy dans.

***Die verhaal van die bruilof herinner ons daaraan dat volgelinge van Jesus die lewe kán en móét geniet! Moenie uitsit nie, dans!***

**2. Jesus verander die water nie sommer in enige soort wyn- maar in <u>pryswenners-wyn</u>!**
Die **seremoniemeester** kan dit nie verstaan nie, want die gebruik is om die swak gehalte wyn vir laaste te hou, maar nou proe hy die beste! Dit wil vir ons sê dat daar **waar Jesus is, daar kwaliteit is!** Hy kan ons *"water" pogings* verander in pogings met die **hemelse kwaliteit-stempel** daarop.

Jesus is among us, not to provide wine,
but to provide glory, glorious, brimming life.
Will Willimon

**Augustinus** skryf dat Jesus se wonderwerk van water in wyn kom as **geen verrassing** vir hulle wat weet dat dit God is wat dit gedoen het nie! By die troue die dag maak Hy wyn in die ses waterpotte wat met water gevul is, **maar Hy doen dieselfde ding elke jaar in wingerde!**

*All men wondered to see the water turned into wine. Every day, the earth's moisture being drawn into the root of a vine, is turned by the grape into wine, and no man wonders. Full of wonder then are all the things which men never think to wonder at.* ("a sense of wonder")
Pous Gregorius die Grote

**3. Hierdie wonder vertel verder waar Jesus is, is daar <u>verandering</u>!**
Hy kan **enigiets** verander. Hy kan trane verander in lag, baklei verander in vrede, buffelmense in liefdevolle mense.
<u>(Skyfie 29)</u>
In 'n onderhoud met die Duitse teoloog, **Dorothe Sölle**, nadat sy opgewonde vertel van die vernuwing en verandering wat by mense kan plaasvind as Christus jou oorneem, is aan haar gevra: *"Dr, glo u werklik dat mense kan verander?"*
Haar antwoord was glashelder: *"Dit is die mees ateïstiese vraag wat 'n mens kan vra... om te twyfel daaraan of mense of dinge kan verander, is om te twyfel aan die lewende God self".*

**Dis asof Johannes vir ons wil sê**: *Waar ookal* Jesus gegaan het en waar Hy in die lewe ingekom het, *was soos* water wat in wyn verander het. Hy bring saam met Hom 'n "***sense of wonder"***. 'n Mens besef dan alles is *genade*; dit is nie maar so *vanselfsprekend* nie.
W**ord 'n volgeling** van Jesus en jy **sal 'n verandering in jou lewe ervaar** wat sal wees soos water wat in wyn verander. Jy sal ontdek wat **ware menswees** is. A A van Ruler:

*"God het nie by die skepping van ons <u>mense</u> gemaak net om by die "herskepping" van ons <u>Christene</u> te maak nie. Nee, Hy het van ons <u>Christene</u> gemaak, sodat ons weer <u>mense</u> kan word."*

## 4. Laastens leer ons daar waar Jesus is, is daar <u>oorvloed</u>!

Hy maak amper 600 liter wyn! Daar is nie 'n manier wat daardie mense dit kon opgebruik nie. Jesus gee ons 'n oorvloed lewe wat ons nie kan opgebruik nie!

Daar is die pragtige storie oor 'n **spotter** wat by geleentheid vir Hieronymus gevra het of die gaste toe ooit die wyn wat Christus gemaak het, kon opdrink. Hieronymus het met verwysing na die Nagmaal geantwoord: *"Nee, ons drink vandag nog daarvan!"*

David Jones, 'n Amerikaanse predikant, stel dit ook baie mooi:
*Just as there was more wine than the guests at that wedding could ever drink, there is more grace in God's heart than you and I can ever use up. Maybe the point is that you and I don't have to worry about God ever saying: "Sorry, you're too late. The jar is empty. I've run out." Maybe the point is that we don't need to limit the number of times we turn to God out of fear that we will exhaust some heavenly quota. I mean, could that be it? Could those gallons and gallons of wine be a sign that God has gallons and gallons of grace for us?*

- *vergl Joh 10:10.*

*Amen*
*24.01.10*

Soos Chesterton sê: "Children are grateful when Santa Claus puts in their stockings gifts of toys or sweets. Could I not be grateful to The Lord when He put in my stockings the gift of miraculous legs?"